

Ons voel soms en veral in hierdie tyd waarin ons leef, dat die lewenspad maar baie hobbelig en krom en skeef en onseker is. Daar is onsekerheid oor die toekoms. Hoe gaan die toekoms lyk? Watter pad moet ek stap? Dinge is anders by die werk, by die skool, by die kerk. Ons lewens wat redelik georden was is ewe skielik ongeorden en besaai met onsekerhede. Nou as ons op reis gaan met vakansie of 'n naweek weggaan, ken ons die pad, ons kyk na 'n padkaart, gebruik die GPS en het gewoonlik duidelikheid oor die pad. Maar nou is ons ingeperk.

Maar vir die Christen is daar geen onsekerheid oor die pad wat ons moet loop nie. Jesus Christus openbaar aan sy dissipels dat Hy na sy Hemelse Vader toe gaan. Hy gaan weg van die aarde af, Hy gaan om vir hulle plek te berei. Jesus sê selfs aan die dissipels: “En julle ken die weg na die plek waarheen Ek gaan.” V4 Julle ken die pad, die weg, die manier om te gaan na waar Ek ook is.

Waarnatoe is Jesus op pad? Jesus is op pad hemel toe gewees. Hy het na die Hemelvaart natuurlik in die hemel aan God se regterhand gaan sit. Jesus is op pad hemel toe en dit is waarheen ons ook op pad is. Elke Christen is op pad hemel toe. Elkeen wat deur God uitgekies is. Elkeen wat waarlik glo.

Het jy dalk vrae oor die pad? Is jy onseker of jy op die regte pad is? Is jy onseker of jy die hemelpoorte sal ingaan? Moet nie bang wees hoe die pad is nie, daar is sekerlik die troosvolste antwoord wat Jesus Christus self gee: **“Ek is die weg en die waarheid en die lewe.”**

Wat beteken dit wat Jesus sê dat Hy die weg is? Jesus sê daar dat elkeen wat in Hom glo het die ewige lewe reeds. Joh 3:16. Elkeen wat glo het die sekerheid dat hy/sy die hemel as eindbestemming reeds het. Die weg na die hemel is duidelik. Dit word duidelik uitgespel in die Bybel. Lees die Bybel. Doen biddend wat die Bybel vra om gehoorsaamheid en dankbaarheid. Glo in Jesus Christus en jy het die sekerheid van die pad. Die pad lê nie in wat jy **moet** doen nie, , maar die pad lê in geloof in ons Here Jesus Christus. Dan help God ons ook deur die Heilige Gees en deur die Woord heen. Dan is dit 'n vreugdevolle pad.

Selfs in hierdie tyd van inperking waarin alles nie normaal verloop soos voorheen nie, dien ons God nog steeds opreg. Die Weg lê nie in eredienste en kerklike aktiwiteite nie, maar in geloof en gehoorsaamheid en gesindheid en opregtheid in ons diens aan God. Ons wil graag bymekaarkom en mekaar versterk. Ons verlang na die “normale” manier van aanbidding, maar die groot verantwoordelikheid lê nou op elkeen van ons om God steeds te dien in ons gesinne, in ons huis, elkeen persoonlik.

Mag ons oog altyd gerig wees op Jesus Christus as ons Leidsman, die Weg, die Waarheid en die Lewe.

AMEN (Ds Gerrit Kruger Gereformeerde Kerk Centurion. Sel 082 964 5595)